16.6 RAPPORT 5 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BINNELANDS – DIE KAIROS NETWERK (KN) (Art 172)

16.6 REPORT 5 – DEPUTIES ECUMENICITY INLAND – THE KAIROS NETWORK (KN) (Art 172)

A. Dr RM van der Merwe stel die Rapport.
Dr RM van der Merwe tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag (Acta 2018:320, 1.1-1.8; 2.3)	**1. Mandate (Acta 2018:320, 1.1-1.8; 2.3)**
1.1 'n Belangrike deel van die opdragte aan die Deputate sentreer om ekumenisiteit in konsentriese sirkels met kerkgemeenskappe binnelands te beoefen (kyk Opdrag van Algemene Sinode 2018). Die Sinode wys Deputate aan om gesprekke te voer met binnelandse kerkgemeenskappe binne die Gereformeerde tradisie met die oog op kerklike eenheid. Die te benoeme Deputate begin nuwe gesprekke binne die raamwerk van ekumeniese kontak, en sit reeds gekonstrueerde gesprekke voort binne die raamwerk van ekumeniese bande met die oog op ekumeniese eenheid. Dat die algemene opdrag van die te benoeme Deputate uitgebrei word om spesifiek die bevordering van ekumeniese verhoudings tussen plaaslike kerke in te sluit.	1.1 An important part of the instructions to the Deputies centres on ecumenicity in concentric circles with national church communities (see Mandate of the Regional Synod 2018). The Synod appoints Deputies to hold discussions with national church communities within the Reformed tradition with the aim of church unity. The to be appointed Deputies start new discussions within the framework of ecumenical contact and continue already established discussions within the framework of ecumenical ties with the aim of ecumenical unity. The general mandate of the to be appointed Deputies is to be expanded to specifically include the promotion of ecumenical relationships between local churches.
1.2 Behalwe ekumenisiteit wat met kerkgenootskappe beoefen word, is die volgende beginsels ten opsigte van ekumene deur verskeie Sinodes heen genotuleer: Daar moet onderskei word tussen die roeping tot belewing van eenheid (kerke wat een in leer, diens en tug is) wat begrens is, en die roeping tot ekumenisiteit wat onbegrens is en wat tot alle kerke uitgaan en oproep tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en tot die onderlinge gemeenskap van gelowiges (Acta, 1967:366). Die veelheid van kerke word aanvaar, maar nie om daarby te berus nie. Die eenheid van die kerk as mistieke liggaam van Christus is 'n werklikheid, maar die eenheid van die uitwendige	1.2 Aside from ecumenicity with church societies, the following principles related to ecumenicity have been minuted by a range of Synods: A distinction needs to be made between the calling to unity (churches that are one in doctrine, service and discipline), which is limited, and the calling to ecumenicity that is without boundaries and calls all churches to obedience to God's Word and to fellowship with believers (Acta, 1967:366). The number of churches is accepted, but not to become complaisant. The unity of the church as mystical body of Christ is a reality, but unity of the outward church is a Godly calling and command. From this

	kerk is ‘n Goddelike eis en roeping. Hieruit vloei die roeping van die kerk voort om dit wat uitmekaar hou, broederlik met mekaar onder oë te sien om sodoende te bring in een kerkverband (Acta, 1958:879-80, a.2.b).		flows the calling of the church to address with brotherly love the things that divide and thereby establish one church (Acta, 1958:879-80, a.2.b).
	Die uiteindelike eenheid van Gereformeerde Kerke moet “as ons dringendste en belangrikste ekumeniese roeping” gesien word (Acta, 1970:69). Die ekumeniese roeping is dan gerig op “herstel van die eenheid van die kerk” (Acta, 1967:365).		The eventual unity of Reformed churches must be seen as our most pressing and important “ecumenical calling” (Acta, 1970:69). The ecumenical calling is, therefore, directed towards the "restoration of the unity of the church" (Acta, 1967:365).
	Die doel van die ekumeniese gesprek is die uitdra van die universele evangelie waardeur alle kerke tot gehoorsaamheid aan die Woord van God en so tot een kerklike gemeenskap op grond van ooreenstemming van die leer opgeroep word (Acta, 1994:195, 2.2.1.1; vgl 1967:366).		The goal of ecumenical engagement is the spreading of the universal gospel that calls all churches to one church community based on agreement of doctrine in obedience to God’s Word (Acta, 1994:195, 2.2.1.1; cf. 1967:366).
	Met die eenheid van die kerk word nie eendersheid van plaaslike kerke bedoel nie. Daar sal noodwendig uiterlike verskille, bv. in liturgie en bedieningsmetodes tussen plaaslike kerke in verskillende wêrelddele voorkom (Acta, 1997:171, 2.1.1.4).		Unity of the church is not about the sameness of local churches. There will be differences in, for example, liturgy and ministry methods among local churches in different parts of the world (Acta, 1997:171, 2.1.1.4).
	In die uitlewing van die ekumeniese roeping gaan dit egter nie net om ‘n gesprek oor hoe kerkgemeenskappe sigbaar een kan word nie, maar ook oor profetiese getuienis vir die waarheid teen die leuen, asook oor samewerking in soverre daar ‘n gemeenskaplike taak is wat behartig moet word (Acta, 1997:176, 3.2.1).		Fulfilling this ecumenical calling is however not only about talking about how church communities can visibly unite, but also about prophetic witnessing about the truth versus the lie as well as about working together towards a common goal (Acta, 1997:176, 3.2.1).
1.3	Binne die wyer verstaan van ekumenisiteit blyk dieselfde beginsel soos verwoord in die openlike verklaring wat by die aanvang van meerdere vergaderings gelees word:	1.3	The broader understanding of ecumenicity reflects the same principle worded in the public declaration read at the beginning of major assemblies:
	Sedert die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) in 1859 word in die Openlike Verklaring wat aan die begin van elke meerdere vergadering voorgehou word, die voorneme uitgespreek om “die innigste broederlike gemeenskap en korrespondensie” te onderhou met al die kerke, wat wens om dieselfde suiwer leer te onderhou (GKSA,		Since the founding of the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) in 1859, the Public Declaration read at the beginning of every major assembly expresses the intention to uphold “the sincerest brotherly fellowship and correspondence” with all churches who strive to maintain the same pure doctrine (GKSA, 1998:85).

1998:85). **Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.**	**Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem 2.1 Ons het ‘n versoek van ‘n deel van ‘n kerk (NGK) wat beweer dat die kerkgenootskap waarvan hulle deel vorm, besig is om weg te dwaal van die suiwer Gereformeerde leer. Die Deputate het die volgende skrywe van die Kairos Netwerk ontvang: Die Kairos Netwerk is oortuig dat hulle “by een van die mees kritiese en beslissende tye in die geskiedenis van die NG Kerk gekom het. Die ware kerk het deur die eeue nog altyd stryd gevoer teen verskeie dwalinge van binne en buite die kerk. Dwaling en afvalligheid kom gewoonlik nie net skielik in een dag nie. Geleidelik het kerkvergaderings in etiese sake meer begin luister na die openbare media en tydsgees as na die Heilige Gees in die Bybel. Dit het die kerk se profetiese stem stilgemaak. In morele en etiese kwessies soos bv. die huwelik en seksuele verhoudings, is die duidelike boodskap van die Bybel vervang met dubbelsinnige besluite om die valse sienings van die tydsgees te akkommodeer. Die hoogtepunt van afvalligheid was die Algemene Sinode se skokkende besluite van 2015 en 2019 rondom selfdegeslagverhoudinge sonder enige grondige skrifuitleg wat die besluit vanuit die Bybel regverdig. Hiermee het die Algemene Sinode direk in stryd met die Woord van God gehandel. Homoseksuele en lesbiese verhoudinge is nie net goedgekeur nie, maar dit dra nou ook die NG Kerk se amptelike seën weg. Nog erger is dat die Sinode selfs opdrag gegee het om ‘n spesiale formulier op te stel vir gebruik tydens die kerklike bevestiging en seëning van sulke sondige verhoudings. Protes daarteen het aanleiding gegee tot die ontstaan van Kairos Netwerk. Met verwysing na die nie-amptelike besoek wil Kairos Netwerk die versoek rig om ‘n meer formele gesprek met die Gereformeerde Kerk” (Aanhaling uit brief aan Deputate Ekumenisiteit: Binnelands, 01 Mei 2022).	**2. Matters that the Synod takes note of** 2.1 We received a letter from a section of a church (NGK) who claims that the church society of which they are part is straying from pure Reformed doctrine. The Deputies received the following letter from the Kairos Network: The Kairos Network is convinced that they “have come to one of the most critical and definitive times in the history of the NG Kerk. The true church has across the centuries continuously battled the various heresies inside and outside the church. Heresy and straying usually don’t just occur out of the blue. Church assemblies gradually started to listen more to the public media and spirit of the time in ethical matters than to the Holy Spirit in the Bible. It has silenced the church’s prophetic voice. In moral and ethical matters, for example marriage and sexual relationships, the clear message of Scripture has been replaced with contradictory decisions to accommodate the false views of the time. The pinnacle of such deviation was the General Synod’s shocking decisions of 2015 and 2019 about same-sex relationships without any valid Scriptural foundation to substantiate such decisions. The General Synod acted in direct contradiction to God’s Word. Homosexual and lesbian relationships are not only condoned, but also receive the NG Kerk’s official blessing. Even worse is that the Synod even instructed the drafting of a special formulary for the church confirmation and blessing of such sinful relationships. Objections to this led to the establishment of the Kairos Network. In reference to the unofficial visit, Kairos Network wants to request a more formal meeting with the Reformed Church” (Excerpt from the letter to the Deputies Ecumenicity: National, 01 May 2022).

	Die Kairos Netwerk bestaan uit 92 Dolerende gemeentes van die NG Kerk wat by die Kairos Netwerk aangesluit het om hulleself as groep teen die besluite van die sinodes van die NG Kerk (2015 en 2019) op te stel. Hulle beskou hulleself as 'n Gereformeerde groep binne die NG Kerk.		The Kairos Network consists of 92 dolent (dissenting/objecting) congregations of the NG Kerk who joined the Kairos Network to form a group objecting to the decisions of the synods of the NG Kerk (2015 and 2019). They consider themselves as a Reformed group within the NG Kerk.
2.2	Die skrywe het gevolg na 'n aanvanklike informele gesprek wat ds Cassie Aucamp, dr Pieter Heystek en prof Johannes Smit met die sentrale werkgroep van die Kairos Netwerk gevoer het.	2.2	The letter led to an initial informal discussion between Rev. Cassie Aucamp, Dr Pieter Heystek and Prof Johannes Smit and the central working group of the Kairos Network.
2.3	Nadat die Deputate Ekumenisiteit: Binnelands 'n skrywe van die Kairos Netwerk ontvang het, is die volgende besluite op 12 Mei 2022 geneem: Ons antwoord op hulle versoek dat ons in gesprek sal tree. Ons stel net duidelik ons parameters/motivering vir gesprek. Motivering vir die voorstel: Rudolph van der Merwe moet die motivering skryf. Nadat die motivering gesirkuleer is, is daar steeds geleentheid dat ons dalk die besluit om in gesprek te tree kan omkeer. Dit sal eers finaal word, wanneer die motivering goedgekeur is. Omdat hierdie saak so belangrik is, moet ons werkswyse as Rapport in die Agenda vir Sinode 2023 opgeneem word. Die hantering van die motivering en die besluit daaroor is dus spoedeisend.	2.3	Upon receiving a letter from the Kairos Network, the Deputies Ecumenicity: National made the following decisions on 12 May 2022: We agree to their request for a meeting, but according to the following parameters/motivation. Motivation for the proposal: Rudolph van der Merwe must write the motivation. Once the motivation has been circulated, there will still be time to decide against such a meeting. It will only be decided when the motivation has been approved. Because this issue is so important, our approach must be included on the Agenda for Synod 2023 in the form of a Report. Finalising the motivation and decision is thus urgent.
2.4	*Motivering vir gesprek* Die Deputate het onder bepaalde voorwaardes besluit om in die lig van die wyer opdrag van ekumenisiteit met die Kairos Netwerk gesprek te voer: Omdat hulle die versoek daartoe gerig het. Omdat die Deputate hulself eerstehands behoort te vergewis insake die verwikkelinge wat binne die NG Kerk en die Kairos Netwerk aan die gang is – en spesifiek oor watter sake die Kairos Netwerk die Deputate Ekumenisiteit: Binnelands wil ontmoet. (Die NG Kerk sal waarskynlik ook hieroor gehoor moet word). Die Deputate sal in alle waarskynlikheid hulle hieroor in die Algemene Sinode	2.4	*Motivation for meeting* The Deputies decided to meet with the Kairos Network, on certain conditions, in light of the broader instruction of Ecumenicity: because they requested it; because the Deputies should obtain first-hand knowledge of the developments between the NG Kerk and Kairos Network – and specifically which issues the Kairos Network seek to discuss with the Deputies Ecumenicity: National. (The NG Kerk will likely have to be heard in this regard.) The Deputies will probably have to account for this in the General Synod;

moet verantwoord. Omdat die Kairos Netwerk dieselfde probleem met besluite van die NG Kerk voorhou, as wat die Deputate ten opsigte van die besluite van die NG Kerk het – onder meer oor selfde-geslag-verhoudings. Die GKSA het 'n aantal jare gelede (2016) spesifiek oor hierdie saak met die NG Kerk gesprek gevoer. Omdat die Kairos Netwerk hulleself voorhou as behoudend-gereformeerd en juis oor hulle Gereformeerde gerigheid gesprek soek met die GKSA. Omdat die kerklike tafereel onder die Afrikaanse Gereformeerde kerke die afgelope dekade aansienlik verander het, sal die binnelandse ekumeniese gesprek in die toekoms hieroor moet besin	because the Kairos Network share the same problem with the decisions of the NG Kerk as the Deputies, inter alia about same-sex relationships. The GKSA specifically discussed this matter with the NG Kerk a number of years ago (2016); because the Kairos Network presents itself as devotedly Reformed and precisely because of this they seek a meeting with the GKSA, and because the church scene among the Afrikaans Reformed church has changed considerably the past decade, the national ecumenical debate will in future have to think about this.
2.5 *Voorwaardes vir gesprek* Die gesprek behoort aanvanklik te fokus op wat die Kairos Netwerk vir die GKSA wil meedeel. Daar behoort in so 'n verkenningsgesprek gewaak te word om nie 'n moontlike skeuring binne die NG Kerk te sanksioneer of te bevorder nie. So 'n gesprek behoort deur die GKSA as 'n geleentheid tot getuienis benader te word. Die NG Kerk behoort in kennis gestel te word dat die GKSA met die Kairos Netwerk gesprek voer. Dit blyk dat daar ook 'n gesprek met die NG Kerk gevoer moet word oor die Kairos Netwerk.	2.5 *Conditions for a meeting* The discussion should start with what the Kairos Network seeks to convey to the GKSA. Such an exploratory meeting should guard against sanctioning or promoting a possible split from the NG Kerk. The GKSA should approach such a discussion as an opportunity to bear witness. The NG Kerk should be informed of the GKSA's meeting with the Kairos Network. It would seem that a discussion with the NG Kerk over the Kairos Network would also be necessary.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.5 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.5 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decides on**
3.1 Die Algemene Sinode keur die handelswyse van die Deputate goed.	3.1 The General Synod is to approve the actions of the Deputies.
3.2 Die te benoeme Deputate kry opdrag om met die ekumeniese gesprek voort te gaan.	3.2 The to be appointed Deputies are to be instructed to continue the ecumenical discussion.
Besluit: Punte 3.1 en 3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 3.1 and 3.2 approved.**